Hurwitz Farming lewer 'n eenstopdiens

Wanneer Hurwitz Farming op 1 Augustus 12 Boranbulle, 40 SP vroulike diere en 60 aanhangsel- en kommersiële Boran-tipe diere op hul eerste produksieveiling aanbied, lui dit 'n nuwe era in vir Boranboerdery in die Davel-omgewing in Mpumalanga. Kopers sal nie net uitstekende genetiese materiaal bekom nie, maar sal ook deel kan word van 'n geïntegreerde bemarkingsinisiatief waarin waardetoevoeging die sleutelwoord is.

Hurwitz Farming, bestaande uit dr Barney Hurwitz en sy twee kleinseuns, Simeon en Jarren Hurwitz, is 'n geïntegreerde landbou-besigheid waarin 'n voerkraal die spil vorm waarom alles draai.

Die Boranstoet bestaan uit 1 000 diere, en dan is daar nog sowat 500 beeste wat hoofsaaklik uit Simmentaler- en Manso-Brahman stoetdiere bestaan wat op 'n kommersiële basis bestuur en met Boranbulle gekruis word.

Moderne veilingskompleks

Buiten die uitgebreide gemengde boerdery, wat om vleisbeesproduksie draai, het die Hurwitze ook 'n geregistreerde kwarantynstasie op die plaas en het hulle onlangs hulle nuwe, moderne veilingskompleks, The Bull Ring, ingewy. Die veiling op 1 Augustus sal die tweede keer wees dat hierdie kompleks gebruik word.

Die Hurwitze het reeds 20 jaar gelede die eerste 900 Boran-embrio's uit Zambië ingevoer. Toe Simeon en Jarren by die boerdery betrokke raak, het hulle besluit om die Boranstoet nuwe woema te gee en hulle toekomsplanne rondom die uitstekende eienskappe van dié beeste te smee. Die komende veiling is die resultaat hiervan.

"Omdat ons die afgelope jare die land vol gereis het en die beste beskikbare genetika gekoop het," verduidelik Simeon, "is daar groot bedryfsbelangstelling in ons aanbieding. Kopers sal vir die eerste keer kan sien wat die resultaat van ons doelgerigte teelprogram is, naamlik om die beste genetika in die land met ons eie genetika te kombineer."

Beeste in die voerkraal.

Uitstekend in kruisteelprogramme

Die Boran doen uitstekend in hulle gebied, veral in kruisteelprogramme, waar sy gehardheid, aanpasbaarheid, bosluis- en siekteweerstand, lae onderhoud, kalwingsgemak, groeivermoë en uitstekende vleisgehalte toenemend onder die aandag van beesboere kom.

"Ons sien 'n definitiewe ommeswaai in die kommersiële mark, met die waarde van die Boran in 'n kruisteelprogram wat toenemend na waarde geag word. Dit is op grond hiervan dat ons nou 'n geïntegreerde bemarkingstelsel aan kopers van ons Boranbulle bied. Hiervolgens koop ons die kruiskalwers van daardie bulle uit hulle kommersiële koeie teen 'n premie terug om hulle in ons voerkraal af te rond.

Die bul TLM 04578 (Eros) is Hurwitz Farming se hoof-stoetbul. Hy was reeds elf jaar oud toe die foto verlede jaar geneem is.

"Ons vind dat die groei en voeromsetvermoë van die diere uitstekend is. Op grond hiervan het ons 'n reputasie begin opbou dat ons landswyd Boran-tipe kalwers aankoop om in die voerkraal af te rond."

Samewerking met gasverkopers

'n Laaste aspek van hulle geïntegreerde benadering tot Boran-gebaseerde vleisbeesproduksie is ook iets wat relatief nuut is. Hulle werk saam met 'n klompie gasverkopers wat reeds die Boran in kruisteelprogramme gebruik. Hierdie gasverkopers is stoettelers van ander rasse, maar wat die Boran vir kruisteling gebruik.

Pakkette met vroulike diere van verskillende kruise sal beskikbaar wees vir kommersiële beesboere wat 'n Boran-element in hulle kuddes wil vestig, maar wil verseker dat die moederlyn van die Borankruis ook 'n soliede geskiedenis van seleksie agter haar het. So sal daar groepe vroulike diere van die Afrikaner, Simmentaler, Simbra, Limousin, Nguni en Bonsmara beskikbaar wees wat almal die Boran as gemene deler het.

"Ons skep dus 'n eenstopwinkel vir die kommersiële boer sodat hy op een veiling sy benodigdhede vir die komende jaar kan koop. Nie alleen kan hy Boranbulle koop nie, maar ook vroulike kruisdiere met die ras van sy keuse."

Vir meer inligting, skakel Simeon Hurwitz by 082 415 5448.